
*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 8 Junie 2025**
**PINKSTERFEES**

## Van verslaentheid na vertroue: só beweeg God se Gees met ons, sy Kerk!

*"Ek sal my Gees in julle gee, en julle sal leef. Ek sal julle tot rus bring op julle grond. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. Ek het gepraat en Ek sal dit doen."*
(Esegiël 37:14)



Dit is Pinkstersondag, en waar Pase – die Groot Lydensweek, Donker Vrydag, Stil Saterdag en Paassondag – die dieptepunt is van ons lewe as Kerk, elke jaar, is Pinkster die hoogtepunt, vol vreugde, die moment dat ons met nuwe inspirasie vervuld uitgestuur word na ons huise, skole, werkplekke en land. Met HOOP! Dit is wat ons die afgelope week in ons byeenkomste ontdek het: die Woord en die Gees van die Here – die Trooster – beweeg sy volk en kerk, van doodsbeendere en doodsheid (Esegiël 37:2) na opstanding en ware lewe (37:10); van verdeeldheid en verstrooiing (37:2) na heling en eenheid (37:11, 22); van 'n redde-loosheid en radeloosheid (37:3) na rus vir die mens en grond (37:14). Wanneer, en hoe het dit toe alles gebeur? Vanoggend ontdek ons ter afsluiting, dat hier 'n dieper en stil, innerlike beweging was, ín die profeet (en die volk) – en dít word die boodskap vir ons as gelowiges in ander kontekste eeue later: 'n beweging van verslaentheid na vertroue.

'n Geesvervulde Pinkster jou toegebid!

**JL.**

Hartlik welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout, in die kerk. Dit is die afsluiting van 'n geseënde Pinksterweek in ons gemeente, vir jonk en oud, ook by Siësta.
Welkom aan alle besoekers, nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

**Verwelkoming en mededelings**

**Wydingslied:** “Gees van God wat in my woon” (Lied 442:1 en 2)

**Votum en seëngroet**

**Loflied:** “Sing juigend, sing ‘n nuwe loflied” (Psalm 33:1, 4 & 7)

**Gebed**

**Kinderlied & verhaal**

**Pinksterlied:** Lied 443:1, 2, 3, 4 en 5

**Skriflesing:** Esegiël 1:1-Psalm 77:1-21

**Verkondiging**

**Toewydingslied:** “The Lord is my Shepherd” (Crimond – Jessie Irvine)
Solis: Matildie Wium

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Dankgebed**

**Geloofsbelydenis:** Nicea (sien boekmerkie)

**Slotlied:** “Heil’ge Gees, U bou ‘n tempel” (Lied 435:1 en 244:3)

**Seënbede, Amen & Orrelnaspel**

Jy is welkom om met die orrelnaspel weer te sit en nog ‘n oomblik van nadenke te geniet.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 8 Junie | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| Sondag, 15 Junie | 09:30 – Ds. Jan Lubbe<br>(geen aanddiens; langnaweek) |
| Sondag, 22 Junie | 09:30 – Ds. Johan Marais (Nagmaal)<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Janke Hurter: *Diens van Woord, stilte en gebed* (Taizé) |

Ons Kategese vir die tweede kwartaal sluit vanoggend af.

**Leraars: Kursus- en verlofreëlings:**
Di. Jan Lubbe en Janke Hurter woon hierdie week ‘n Stilwordkans vir Vrystaatse Predikante by Amanzi by (Dinsdag tot Donderdag, 10-12 Junie); en ds. Johan Marais neem vanaf 12 tot 19 Junie, en weer 23 Junie tot 3 Julie 2025 verlof.

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

08 Junie Lalie en Ulie Grobbelaar, Riaan Kymdell, Bart Laubscher, Joubert Zietsman.
09 Junie Hester de Wit, Renette Griessel en Lizet Swanepoel.
10 Junie Grace de Goede, Thys du Plessis, Jacqueline Hechter, Emiel Jonker en Lelanie Meyer.
11 Junie Morkel Steyn en Daniël Wium.
12 Junie Norlé Jerling.
13 Junie Janet Kleynhans.
14 Junie Christo du Plessis, Matthys du Plessis en Bernard du Raan

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Oom Kowie en Frances Wessels (Hillandale Aftree-oord, wyk 12b); Charlotte van Rooyen (Siësta, wyk 10); Corrie Strydom (Woodland Hights, wyk 12b); Frank Scheepers (LadySmithstr. 2, wyk 4b); Marianne Nel (Sewe Damme 121, wyk 8b); Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a); Dirk Nel en sy dogter, Lynette (Maxzell 2, Kolbelaan, Wyk 13b); Nadiha Visser (Genl Van Schoorstr. wyk 3c); Oom Jan Erasmus (Aliquando, wyk 11) en Oom Louwrens Badenhorst (Sewe Damme 113, wyk 8b). Ons dink ook almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun – mag jul die krag van die Here beleef.

Ons meegevoel aan die familie van Tannie Adeline Leygonie (Siësta), wat afgelope week oorlede is. Ons bid jul troos van die Here toe.

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ons gerus in geval van nood, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Daar is nie hierdie week Bybelstudies Woensdag en Donderdag nie – sien hieronder by die kursus- en verlofreëlings van die leraars.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In Junie is **Wyke 11, 12 en 13** aan diens vir ons gasvryheid, Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Gasvryheid nodig:**
Die gemeente George Bergsig (van ds Rudolph en Sanet Grobler wat ons verlede jaar besoek het) het 'n uitreik na die noorde, en benodig aandete en oornag vir Vrydagaand, 27 Junie vir ongeveer 30 lidmate – kan jul dalk 'n paar huisves? Kontak die kerkkantoor en gee jou naam en nommer op; baie dankie!

## BEDIENINGE

### GEMEENTEBEDIENING

**Vrouediens se Sondagpoeding: Vandag – LEMOENPOEDING!** Kom koop net ná die erediens (ingeval jy vergeet het vir vanmiddag se ete of bestel by 079 038 4038)!

### GETUIENISBEDIENING

**Gemeentemark:** Baie dankie aan almal wat met ons maandelikse Gemeentemark help – ons het verlede week 'n volle R 6 528 ingesamel; vir ons barmhartigheidsfondse.

### PINKSTER 2025

Berg-en-Dal het die afgelope week 'n besonder geseënde Pinkster beleef, vir die kleinspan, almal tussenin en ook ons ouer lidmate by Siësta. Dankie aan aldrie leraars vir hul leiding; ouderlinge en diakens aan diens; dankie aan alle helpers – die logistieke span by die kerk en op terrein o.l.v. koster Pieter Wilken; begeleiers Johann Cromhout en Tannie Magdaleen Venter; Rachelle en Ebeth Wilson en die digitale span vir die klank en uitsendings; Jaco van Niekerk en alle uitstallers; al die vroue wat vir heerlike sop en broodjies in oorvloed gesorg het; Maryna Spies en Denise Louw vir ons nuwe boekwinkel. Mag daar nog lank vrug, en nuwe lewe uit hierdie Esegiël 36 & 37-week spruit. Baie dankie ook vir alle bydraes aan komberse & kruideniers wat vir Wintersorg en ENGO geskenk is; die kollektes hiervoor saans het R 6 714,20 opgelewer – dankie!

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter onder-steuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend,13 April: **TOIBO (vir Gesiggestremdes).** U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005**).

Ons **Spesiale Dankoffer** staan op **R 510 201,48** – ons is absoluut oorbluf en vol dankbaarheid; daar is nog hierdie week tot Vrydag om by te dra.




Ons reël 'n oppasdiens vir kleiner kinders Vrydagaand (film, vermaak, worsbroodjie en sap), dan kan jul as ouers die konsert oorkant by Willem Postma gaan geniet!